DEEL 117 | WEEK 41 | 10 OKTOBER 2025 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Padherstelfondse uitgeput

## *Boere moet self opdok*

Heilbron – Vrystaatse boere word toenemend gedwing om self vir padherstel te betaal nadat die provinsiale fondse vir padprojekte reeds ná slegs 'n derde van die finansiële jaar uitgeput is.

Volgens Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou (VL), is daar geen geld meer vir noodsaaklike herstelwerk nie, slegs genoeg om die departement se "top-swaar personeelstruktuur" aan die gang te hou.

"Boere se finansies is reeds onder geweldige druk. Selfs waar die landbou-waardeketting bydra, kom die koste weer terug na die boer. Dit is nie volhoubaar nie," sê Wilken.

Die tekort het duidelik geword ná die stilstand van die Clocolan–Marquard-padprojek en probleme met slaggat-herstelinisiatiewe in Wesselsbron en Senekal.

Die Departement het erken dat begrotingsbeperkings die hoofrede is, maar Wilken meen wanbestuur en lang tenderprosesse lê eintlik aan die wortel van die probleem.

VL verwelkom wel die oordrag van sekere paaie na SANRAL, maar waarsku dat swak onderhoude paaie tydens die reënseisoen vinnig verder sal versleg. Die organisasie help tans om oorblywende hulpbronne soos gruis en teer aan gemeenskappe te koördineer.

Die Vrystaat dien ook as loodsterrein vir 'n Infrastruktuur SA-projek, wat deur AgBiz en AgriSA ondersteun word om kritieke vervoerroetes te identifiseer.

"Boere kan nie langer die rol van die staat oorneem nie," sê Dr Jack Armour, kommersiële bestuurder van VL.

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake elke keer, die eerste keer, reg gedoen word!



HIGH FERT KUNSMIS HF
Johnny Claassen
082 779 3417
JCB
Eben Claassen
072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum




## *Wêreld Geestesgesondheidsdag – Neem Tyd om Na Jouself en Ander Om te Sien*

***’n Perspektief van ’n maatskaplike werker***

Op 10 Oktober word wêreldwyd Wêreld Geestesgesondheidsdag gevier. Hierdie dag is ’n uitnodiging om stil te staan by die belangrikheid van geestesgesondheid en om bewustheid te skep oor hoe dit ons lewens, gesinne en gemeenskappe raak.

As maatskaplike werkers sien ons dikwels dat mense hul geestesgesondheid ignoreer totdat dit ’n krisis word. In Suid-Afrika ervaar ongeveer een uit vyf volwassenes op ’n gegewe tydstip ’n geestesgesondheidsprobleem. Tog praat min mense daaroor, wat lei tot isolasie, angs en soms selfs ernstige situasies soos selfbesering. Wêreld Geestesgesondheidsdag herinner ons dat dit reg is om te kyk hoe dit regtig met jou gaan.

**Die doel van Wêreld Geestesgesondheidsdag**

- **Bewustheid verhoog:** Mense moet weet dat geestesgesondheid belangrik is en nie skaam wees om te praat nie.
- **Stigma verminder:** Dit help om misverstande en negatiewe stereotipes oor geestesgesondheid te breek.
- **Hulp aanmoedig:** Mense word aangemoedig om ondersteuning te soek en ander te ondersteun.
- **Gemeenskappe bou:** Deur begrip en empatie te bevorder, kan ons gesonder gemeenskappe skep.

**Hoe weet jy of jy regtig okay is?**

As maatskaplike werkers raai ons aan om jou eie gemoedstoestand gereeld te monitor. Jy kan begin deur die volgende vrae aan jouself te vra:

- Voel ek oorweldig deur stres of angs?
- Slaap ek genoeg, eet ek goed en beweeg ek gereeld?
- Het ek iemand om mee te praat oor hoe ek regtig voel?
- Voel ek emosioneel afgesny of nie gemotiveerd om deel te neem aan alledaagse aktiwiteite nie?
- Het ek onlangs tekens van depressie, paniekaanvalle of selfbesering opgemerk?

**Praktiese wenke om jou geestesgesondheid te ondersteun**

- **Praat en deel:** Gesels met vriende, familie of ’n professionele persoon oor jou gevoelens.
- **Beweeg en eet gesond:** Selfs kort staptogte of oefening kan jou gemoed verbeter.
- **Slaap genoeg:** Onvoldoende slaap beïnvloed emosionele en fisiese gesondheid.
- **Ontspan en stel grense:** Vind tyd vir stokperdjies, meditasie of ander ontspanningsaktiwiteite, en moenie jou energie oorlaai met werk of sosiale media nie.
- **Soek hulp**: Daar is geen skaamte in om professionele ondersteuning te vra nie. Mense soos maatskaplike werkers, beraders en sielkundiges is daar om te help.

**Suid-Afrikaanse hulpbronne:**

- SADAG (South African Depression and Anxiety Group): 0800 456 789
- Lifeline Suid-Afrika: 0861 322 322
- Suicide Crisis Helpline: 0800 567 567

Wêreld Geestesgesondheidsdag herinner ons dat geestesgesondheid almal se saak is. Deur na onsself en ander om te sien, en openlik te praat oor ons gevoelens, kan ons ’n kultuur van empatie en begrip bou. Soms begin genesing met ’n eenvoudige vraag: “Hoe voel jy regtig vandag?” Hierdie 10 Oktober, neem tyd om stil te staan, na jouself te kyk en ondersteuning te soek indien nodig – dit is ’n daad van moed en selfversorging.

# Letter from our readers

The following letter was received from Soeskie de Bruyne (On behalf of the Concerned Citizens of Sandersville) addressed to the editor of the Heilbron Herald.

**OPEN LETTER TO THE COMMUNITY OF SANDERSVILLE**

***Fellow residents of Sandersville***

We are at a crossroads. What is being done to our community through the proposed ward boundary changes is nothing short of manipulation – a calculated attempt to silence our collective voice. By scattering and burying the votes of Sandersville under an avalanche of votes from larger areas, they seek to weaken our say, our strength, and our future.

This is not democracy. This is gerrymandering – the drawing of boundaries not to serve the people, but to control them. Those who wish to divide us want to ensure that they remain both players ánd referees in a game they’ve rigged for themselves. But we will not stand by silently while our voice is diluted and our history erased.

We must unite and make it absolutely clear: the proposed ward boundary delimination cannot and will not proceed. The scattering of our votes across two wards is unacceptable. It is an act meant to disempower Sandersville, to silence us politically, and to erase us from the democratic map.

Those who attempt to write us out of history must know this – we will never again vote for those who betray us. We will gather our strength, unite our votes, and stand behind a single power that truly represents our community and its values.

This is no longer about building a “united country”; it has become about domination and control – about one group overpowering others. It is evil, and like all unjust systems before it, it will not last. You have become what you once condemned – like the old National Party, trying to justify oppression behind the façade of a “rainbow nation”.

History will judge you. And the so-called Coloured community – Khoi and San whose identity have so shamelessly been written out of history will rise again and claim its rightful place. Desmond Tutu once said, if your government do to us what the National Party did to us we will return the favour to your government. The so-called Coloured community will surely resist you in your evil attempts.


What happened to participatory democracy – where every voice matters? Your shameful manipulation will not scatter us; it will only strengthen our resolve. We will rise, we will unite, and we swill reclaim our power.


Sandersville stands together.

Always has. Always will.

# UIT DIE PEN:

## Week 41





Met ons aankoms hier in Pretoria, nou al agt jaar gelede, was alles vreemd. Die paaie, die snaakse motoriste, die apteker, dokter, tandarts. En kerk. Ons het seker vir ses maande lank *church-hopping* gedoen totdat ons ’n kerk gevind het waar my goeie man gemaklik gevoel het. Ek wonder nou nog of dit die regte kerk is, maar ek is vir nou *okay* daar.

Ek moes ook eers die *Pretoria-lingo* aanleer. Behalwe om die a’s as ô’s uit te spreek (ons bly mos in Pretoriô, die Jôkôrôndôs blom in die strôôte en ôlles is nou pers), het ek ook geleer dat daar ’n versigtigheid is om vriende te maak.

In my Oos-Vrystaatse dorpie sou iemand sê: Kom drink vanmiddag so by 16:00 by my tee. En wanneer jy opdaag, is die skinkbord al gepak en daar was iets te ete, al was dit hoe klein.

In Pretoria werk dit baie anders. Hier moet jy sinne vertaal. “Ons moet iewers gaan koffie drink” beteken eintlik: “Ek hoop nie ek word eendag sò dors dat ek saam met jou iets moet gaan drink nie.”

Dus het dit my baie lank geneem om vriende te maak. Bygesê: ek is nie vinnig om nuwe vriende te maak nie. En as daar vannag iets moet gebeur en ek ’n Pretorianer moet bel om te kom help, ken ek nie iemand wat sal kan kom help nie. Dalk my boetie, wat ’n dagreis te perd aan die ander kant van Pretoria bly. Maar andersins dink ek nie daar is iemand nie. Gelukkig ken my goeie man sulke mense.

Ek was vir die laaste 20 jaar diep betrokke by ons Oos-Vrystaatse kerk. As ek nie gehelp het met die rekenaar nie, het ek gehelp met die begeleiding, hetsy die klavier of die kerkorrel.

Hier aangekom, het ons die eredienste bygewoon sonder om aktief aan die kerklewe deel te neem. Vir ’n lang tyd het dit so gegaan, totdat ons die moed bymekaar geskraap het om nà kerk onder die afdak te gaan koffie drink.

Sedertdien het die hele proses *geëvolueer*. Ek het ’n paar keer orrel gespeel en is vanaf Maart verlede jaar betrokke by die musiekbediening.

Daar het ek pragtige mense ontmoet. Soos Michael.

Michael speel baskitaar. Hy is Engelssprekend, maar praat gewillig Afrikaans. Hy vertel eendag dat hy sewe kinders het. Almal al uit die huis, maar sy kleindogter bly by hom.

Hy vertel dat die kleindogter swaar gekry het, en dat haar ouers redelik rond getrek het. Toe sy dogter vra of sy kleindogter by hom kan kom bly, het hy ingestem, en nadat hulle daaroor gepraat het, het hulle besluit om die kleindogter wettig aan te neem.

Op ’n dag sien ek Michael se *profile* op *Facebook*. Daar sien ek dat Michael ’n *pastor* was. Toe ons mekaar Sondag weer by die kerk sien, vra ek hom daarna: hoekom is hy nie meer ’n *pastor* nie?

Hy vertel dat sy vrou siek geword het, en hy ’n paar jaar daarna afgetree het om voltyds na sy vrou te kyk.

Siestog, sê ek, is jou vrou nou beter?

Nee, sy het *Lewy Body* Demensie. Ek word koud, want ek het al baie oor hierdie siekte nagelees.

Dit is ’n progressiewe toestand waar *Lewy* deeltjies, bestaande uit proteïene, in die breinselle vorm. Dit beïnvloed pasiënte se denkvermoë, beweging, buie en gedrag. Hulle ontwikkel hallusinasies, kan periodes ondervind waar hulle onbewus is van die omgewing rondom hulle. Hulle ontwikkel ook bewegings soortgelyk aan Parkinson se siekte. Hulle ondervind slaapprobleme. Later word die hele liggaam aangetas.

Die siekte is ongeneeslik. Nà diagnose, leef pasiënte gewoonlik 5 – 7 jaar.

Liewe *jimmel,* Michael, dink ek. En ek sê dit ook. Het julle darem hulp by die huis?

Nee, sê Michael. Sy vrou het al so ver gevorder in haar siekte dat sy bedlêend is. Hy draai haar elke drie uur om. Hy vervang haar doeke en haar kateter. Hy vervang ook die buis wat direk in haar maag ingaan om haar te voed. Hy was haar en trek haar aan.

Sy kan nie beweeg nie, en sy kan nie praat nie. Soms, sê hy, is haar oë lewendig. Sy maak partykeer geluide, en hy dink dit is wanneer sy met hom praat. En dan praat hy terug.

Hulle is 24 jaar getroud. Dit is hulle tweede huwelik.

Ek sê vir Michael dat dit presies is wat ’n bruid en ’n bruidegom aan mekaar beloof: dat hulle bymekaar sal bly, in siekte en in gesondheid.

Nee, sê Michael. Dit is glad nie hoe hy aanvanklik gevoel het nie. Hy was kwaad vir haar en wou haar op ’n stadium nie help nie.

Totdat die Here vir hom gesê het dat dit nie haar skuld is dat sy die siekte gekry het nie. Dit het Michael se hele lewe verander. Hy help haar nou omdat hy haar liefhet en omdat hy belowe het dat slegs die dood hulle sal skei.

Ek het ’n klein stukkie van Michael se sorg ervaar toe ek verlede jaar gesukkel het om te loop. My goeie man moes my in die bad in help. Toe ek nie kon staan nie, moes hy my regop hou sodat ek ten minste klere aan my lyf kon kry. Hy het vir my kos gemaak en dit mooi voorgesit. Die kombuis was natuurlik ’n gemors, maar dit het ons later uitgesorteer.


Ek wens vandag dag dat elke egpaar regtig hulle troubeloftes ernstig sal opneem. Dink aan die voorbeeld van Michael stel. Om alles te los en om op sy vrou te fokus, is merkwaardig.

Ek dra nie vandag ’n hoed nie, maar as ek het, het ek dit vir al die Michaels op aarde hoog gelig.

Saluut.

# R57 agter Clover weer oop vir verkeer





Die afgelope week is die R57-hoofweg, beter bekend as die Golden Highway, weer amptelik oopgestel vir verkeer — tot groot verligting van inwoners, besighede en vragmotorbestuurders in en om Heilbron.

Vir maande lank was dié gedeelte van die pad afgebaken weens padherstelwerk wat deur Raubex uitgevoer is. Gedurende hierdie tyd moes voertuie, veral swaarvoertuie uit omliggende nywerhede, gebruik maak van die ompad via Langmarkstraat en die Kroonstad-pad.

Hierdie ompad het egter heelwat hoofbrekens veroorsaak vir plaaslike inwoners. Vir die eerste keer in jare het Heilbron soggens ware verkeersknope beleef, met vragmotors wat vir tot 45 minute tot 'n uur by die ander gedeelte van die R57 se "stop-en-ry"-gedeelte moes wag, totdat aankomende verkeer eers deur is. Sodra hulle uiteindelik kans kry om te beweeg, het die vloei van swaar verkeer die dorp se hoofstrate behoorlik tot stilstand laat kom.

Die heropening van die pad bring dus groot verligting — nie net vir motoriste nie, maar ook vir plaaslike ondernemings langs die R57, soos IceBerg Truck Stop en Telwiedré, wat nou weer makliker toegang vir hul kliënte en vragverkeer het.

"Dis 'n groot verskil," sê 'n werknemer by een van die besighede. "Die swaar voertuie kan nou weer reguit in- en uitry sonder om deur die dorp se strate te sukkel."

Vir Heilbron self is dit ewe goeie nuus, aangesien die swaar verkeer nou nie meer deur die dorp hoef te beweeg en skade aan plaaslike padoppervlakke aanrig nie.

Met die son wat weer oor 'n oop Golden Highway skyn, kan inwoners en reisigers dus asemhaal — daardie klein stukkie pad maak, vir almal, 'n groot verskil.




# Marisa se tuin blom van skoonheid én goedhartigheid

## *'n Tuin vol kleur, koffie, koek en gemeenskapsgees*

Om deur die klein houthekkie in Marisa van Rooyen se tuin te stap, voel amper soos om in 'n ander wêreld in te loop. Die eerste ding wat jy hoor, is die sagte klanke van opera-musiek wat uit die huis stroom, gemeng met die gekoer van duiwe hoog bo in die koelte van 'n reuse Witstinkhoutboom. In die lug hang die geur van vars gesnyde gras en lentegeure, en onder 'n helderblou hemel kom selfs haar vrolike Jack Russell aangestap — nederig stert swaaiend, net so gasvry soos Marisa self.

Dis geen wonder dat haar pragtige, goedversorgde tuin al 'n gunsteling agtergrond geword het vir Hoërskool Heilbron se matriekafskeid-foto's nie. Weke lank het Marisa ure, energie en sorg aan haar tuin gewy, en vandag skitter haar tuin in die son — 'n palet van kleure wat letterlik lewe kry.

Maar hierdie jaar het Marisa besluit om haar tuin vir méér as net foto's te gebruik — sy wou dit gebruik om 'n verskil te maak. In 'n pragtige gebaar van gemeenskapsgees het sy haar tuin vir die publiek oopgestel, en almal uitgenooi om te kom kuier, die natuurskoon te geniet, en 'n koppie tee saam met 'n stukkie wortelkoek of melktert te geniet. Daar is geen toegangsfooi nie — slegs 'n klein donasie, wat volledig aan die plaaslike ouetehuis geskenk word.

"Dis iets kleins wat ek kan doen om te help," sê Marisa nederig, "en as mense hier 'n bietjie vrede en vreugde kan vind, dan is dit vir my genoeg."

Haar mooi gebaar het besoekers na haar tuin laat stroom om in die tuin tee te drink en geselsies te maak. Dis 'n sagte herinnering dat skoonheid nie net in wat ons kan sien lê nie, maar ook in wat ons bereid is om te gee.














# Heilbron-matrieks skitter by glansryke afskeidsgala

Heilbron was Vrydagaand, 3 Oktober 2025, vol opwinding toe inwoners bymekaar gekom het vir die jaarlikse matriekafskeid van Hoërskool Heilbron— ’n aand wat beide die einde van ’n era - én die begin van ’n nuwe hoofstuk vir die Klas van 2025 gemerk het.

Reeds van vroeg die aand het mense voor die Hoërskool se skoolsaal saamgedrom om ’n kykie te kry van die jong mans en dames wat in styl aangekom het. Geklee in elegante uitrustings en vervoer: in alles van spitsvondige gholfkarretjies en trekkers, tot glimmende sportsmotors — het die matrikulante ’n toetrede gemaak wat die “Glitz & Glam”-tema alle eer aangedoen het.

Die gemeenskapsgees was duidelik sigbaar, met mense uit alle dele van Heilbron wat opgedaag het om die leerders te ondersteun, vir hulle te juig en deel te neem aan die feesviering. “Dis wonderlik om almal so saam te sien — dis ’n trotse oomblik vir elke ouer wat vanaand hier verteenwoordig word,” het een toeskouer gesê.

Binne die pragtige skoolsaal het die aand afgespeel in ’n waas van glans en emosie. Gaste het ’n formele ete geniet, roerende toesprake aangehoor van Ds. Braam van Zyl en mede matrikulante, en heerlik gelag terwyl onderwysers, ouers en leerders saam teruggedink het aan hul pad tot dusvêr. Die geleentheid was nie net ’n viering van akademiese mylpale nie, maar ook ’n vertoning van styl, volwassenheid en die blink toekoms wat op Hoërskool Heilbron se matrikulante wag. Toe die aand tot ’n einde kom, was een ding verseker — Hoërskool Heilbron se Klas van 2025 het ’n blywende indruk gelaat, nie net op die dansvloer nie, maar ook in die harte van almal wat saam met hulle kom feesvier het..

***Foto krediet:***
***Marilize Loots Fotografie.***
























# Rolstoeldag op 'n lieflike windstil, sonskyn dag

Die Huppel Trippelaars was geseënd met 'n perfekte dag vir buite wees. Aangesien sommige van die inwoners baie sensitief is vir wind of warm son, is almal baie bly oor 'n dag soos Dinsdag om ons Rolstoeldag te hou. Almal is, soos dit nou al tradisie geword het, bederf met eet- en drinkgoedjies by die drie 'pitstops'. As bonus het Wilmien Naudé almal bederf met wafels en lemoenstroop by pitstop nommer drie. Die dag is afgesluit onder die koeltebome. Op 21 Oktober handel die program oor vreemde geregte wat mense in lande oor die wêreld eet. Nonna Roos sal die aanbieder wees. Inwoners van Heilbron is, soos altyd, baie welkom om te kom meedoen. Dit vind plaas om 10uur die oggend in die eetsaal. Sien jou daar!



*Op die foto vl: Wilmien Naudé en Nonna Roos.*



*By "pitstop" nommer 2 ... almal is besig om koeldrank te drink.*



*Almal kuier rustig onder die bome by " pitstop" nommer 3.*

**Matriekblad is geborg deur:**

Twist & Curl
Hair & Beauty

DNA
CINEMATOGRAPHY

VLAKLAAGTE SLAGHUIS
STEP-BY-STEP DANCE STUDIO
Smurf Claasen 083 293 7936
Tanya Claasen 083 498 0836

NAILS BY Chené

CROWN ACRYLICS

Herald
Office National

# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION (AUCTION / VEILING)

Case No. FS/HLB/RC43/2025
In the Regional Court for the Regional Division of the Free State.
HELD AT HEILBRON
In the matter between:
**CORNELIUS PETRUS BEKKER**
*Execution Creditor*
and
**DAVID HERCULES VAN COLLER ELS**
**Identity Number 800106 5034 08 4**
*Execution Debtor*

1. KINDLY TAKE NOTICE THAT in terms of a Judgment granted on 5th day of August 2025 in the HEILBRON Regional's Court and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the under mentioned goods will be held. The particulars of the sale / auction are as follows:
1.1 **DATE:** 30 OCTOBER 2025
1.2 **TIME:** 11H00
1.3 **PLACE:** FARM HONINGKLOOF, KOPPIES
2. In terms of Regulation 20 (3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20 (2) (b) of the Consumer Protection Act 68 van 2008, and access to the latter Regulations can be obtained on URL at URL: http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961
4. Prospective buyers are required to register before commencement of the auction.
5. FICA – legislation in respect of proof of identity and address particulars.
6. A registration fee of R0.00 is payable before commencement of the auction.
7. The office of the Sheriff of KOPPIES will conduct the sale with auctioneers VCR DANIEL or HANNES BARNARD
8. Method of payment: cash, bank gauranteed cheque or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
9. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

**DESCRIPTION OF GOODS OR PROPERTY**
**40 X CATTLE**
**RED MASSEY FERGUSON TRACTOR 290**
Dated at Heilbron on 1 October 2025
**R SCHUTTE**
**EXECUTION CREDITOR'S ATTORNEYS**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL NO.: (058) 85 22035**
**EMAIL: litigasie@corven.co.za**

SHERIFF OF THE COURT

## KENNISGEWING

KENNISGEWING in die **BOEDEL VAN WYLE LEON ALBERTUS LE GRANGE,** Identiteitsnommer: 540412 5120 08 8, in lewe 'n PENSIONARIS, woonagtig te ELANDWEG 19, REITZ, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere aan MARTHA MAGDALENA LE GRANGE, Identiteitsnommer: 600917 0139 08 8
**DATUM VAN AFSTERWE: 16 AUGUSTUS 2025**
**BOEDELNOMMER : 006809/2025**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

Die Heilbron Herald se laaste uitgawe (Kersuitgawe) is **DV 12 Desember 2025** en die eerste uitgawe vir 2026 **9 Januarie 2026.**






Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T7800/1998** passed by:
**DIE HOOFBESTUUR VAN DIE ORANJE-VROUEVERENIGING**
In favour of:
**ELANDSKOP OORD BK**
**Nr. CK96/12147/23**
**In respect of certain:**
**1.** Portion 1 of Erf 529 Petrus Steyn, District Lindley, Province Free State. Measuring: 890 (Eight Hundred and Ninety) Square Metres
**2.** Portion 2 of Erf 529 Petrus Steyn District Lindley, Province Free State. Measuring: 893 (Eight Hundred and Ninety Three) Square Metres
**3.** Portion 3 of Erf 529 Petrus Steyn District Lindley, Province Free State. Measuring: 448 (Four Hundred and Forty Eight) Square Metres
**4.** Portion 4 of Erf 529 Petrus Steyn District Lindley, Province Free State. Measuring: 441 (Four Hundred and Forty One) Square Metres
**5.** Portion 5 of Erf 529 Petrus Steyn, District Lindley, Province Free State. Measuring: 4947 (Four Thousand Nine Hundred and Forty Seven) Square Metres
**6.** Portion 6 of Erf 529 Petrus Steyn, District Lindley, Province Free State. Measuring: 2009 (Two Thousand and Nine) Square Metres.
**7.** Portion 7 of Erf 529 Petrus Steyn, District Lindley, Province Free State. Measuring: 3830 (Three Thousand Eight Hundred and Thirty) Square Metres.
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds FREE STATE at Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
DATED at Pretoria on 2 May 2023.
**A BOTHA**
**APPLICANT:**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS**
**233 LAWLEY STREET**
**WATERKLOOF, PRETORIA, 0145**
**TEL: 082 775 7256**
**EMAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**















## VERLORE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Notariële Akte van Sessie van Vruggebruik Nr. K 1358/1989S geregistreer in die naam van **ANNA MARGRETHA SMITH,** ten aansien van **ERF 144 PETRUS STEYN, DISTRIK LINDLEY, PROVINSIE VRYSTAAT,** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
GEDATEER te BLOEMFONTEIN op hede die 8ste dag van OKTOBER 2025.
**AANSOEKER:**
**VAN SCHALKWYK & VENNOTE**
**JP VAN SCHALKWYK/svdm**
**JUTASTRAAT 43, HEUWELSIG, BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS ADRES: info@vanschalk.co.za**
**KONTAKNOMMER: 051-436 8616**


**HEILBRON HERALD WINKELURE**
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*


Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.
Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

# SMALLS

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**KONTAK JACO MEIRING**
**082 851 6158 OF**
**PIET MEIRING 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**




# HERALD Sport




## Heilbron Rolbalklub maak skoonskip by Valsrivier

Heilbron Rolbalklub het skoonskip gemaak in die 2025 seisoen toe Edward Muller en Hannalie Claassen as Victor- en Victrix Lodurm aangewys is op die Algemene Jaarvergadering van Valsrivier. Baie geluk aan die twee spelers. Dit is 'n eerste vir Heilbron Rolbalklub om 'n man- en vrouespeler as die Lodurms te hê. Edward Muller is ook verkies as onder-President van Valsrivier, Sonja Muller as sekretaresse en Hannalie Claassen as dames-keurder om Valsrivier te verteenwoordig by NVS.

Baie geluk ook aan Sonja Muller, Jurie Jonker en Hannalie Claassen wat gekies is vir NVS wat aan die Inter-distrikte toernooi in 2026 gaan deelneem. Ons weet dat julle ons naam hoog gaan hou.

Op die Klub se Algemene Jaarvergadering is Edward Muller weer verkies as President om die klub deur die nuwe seisoen te lei.





*Op die foto links Hannalie Claassen en Edward Muller (Victor- en Victrix Lodurm.*
*Foto bo: Sonja Muller, Jurie Jonker en Hannalie Claassen.*



*Op die foto agter vl: Bennie Steenkamp (Onder-voorsitter), Edward Muller (President) en Johnnie Fourie (Wedstrydsekretaris). Voor vl: Tanya Steenkamp (Tesourier), Hannalie Claassen (Sekretaresse), Tracy Jacobs en Sonja Muller. Afwesig: Pieter Kühn.*

## Opwinding by Besigheidsliga



So was week 2 se weer heelwat beter en uitstekende rolbal is gespeel. Die kompetisie is taai en wys dan ook op die tellings waar 2 spanne gelykop gespeel het en ander weer in die doodsnikke die wenpunte aangeteken het. Die span van Sorella is in die eerste plek met JCB kort op hulle hakke. VKB 2 verras vanjaar met 'n derde plek na twee weke se spel. Daar is heelwat buite-perde wat nog vir groot verrassings kan sorg. Met die dat dit skoolvakansie is word daar die week gerus.

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald. Kontak gerus vir Antonio by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

**VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:**

**HUGO GROENEWALD - HEILBRON**
**082 569 7205**
**ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES**
**067 069 8383**
**MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK**
**064 808 8034**

**SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING**

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 13 OKTOBER 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 14 OKTOBER 2025**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930

HENNENMAN/BETHLEHEM AREA:
BUONADONNA 2-DAG VEILING
DAG 1 EIENDOMME
11:00, Buonadonna Truck Stop
Kontak Braam Hendriks 082 804 8079

**WOENSDAG - 15 OKTOBER 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

HENNENMAN AREA:
BUONADONNA 2-DAG VEILING
DAG 2 IMPLEMENTE / TOERUSTING
11:00, Buonadonna Truck Stop
Kontak Braam Hendriks 082 804 8079

BOTHAVILLE: MERGA SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, Eben Dönges Sportgronde
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

**DONDERDAG - 16 OKTOBER 2025**
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**VRYDAG - 17 OKTOBER 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za